# Hoofstuk van die dag: Haggai 1

> *Gaan haal hout in die berg en herbou my huis sodat Ek my eer kan ontvang en tevrede kan wees, sê die Here. (Hag 1:8)*

Nadat die Jode uit ballingskap teruggekeer het, het hulle ywerig begin om die tempel te herbou. Die fondamente was al

gelê, maar toe het daar teenstand van die ander bewoners van die land gekom, en die bouwerk is na twee jaar gestaak. Jy kan hieroor lees in Esra 3 – 5. Sestien jaar later is dit nog nie hervat nie. Die mense het aan hulle eie sake voorkeur gegee. Dis tóé dat die Here Haggai geroep het om die volk op te roep om die tempel te voltooi.
Die Jode se verhaal herinner my aan baie van ons eie geestelike verhale. Aan die begin is jy entoesiasties oor jou diens aan die Here. Jy doen moeite met jou stiltetyd, en vertel vir ander wat die Here in jou lewe beteken. Ongelukkig loop baie van dié goeie beginne dood. Die entoesiasme en meelewing is weg.
As dit jóú verhaal is, roep die Here jou vandag op om skouer aan die wil te sit. Hy wil die werk wat Hy in jou begin het, end-uit voltooi (Fil 1:6). Hy gaan dit egter nie sonder jou doen nie.

© Bybelkoerant 2018 – 2026